<p>Inability to read non-verbal behaviour – less sympathy</p>	<p>She would see the faces of the other people. What would she –</p> <p>What you're saying, is that online she can't see all the faces, and she can't see that some people don't understand, or some people feel neglected.</p> <p>Ja</p> <p>Or left out.</p> <p>Yes.</p> <p>And, because you talked about her energy and that she was positive.</p>

<p>Pre-requisites Bridging course</p>	<p>I think what should have been done, is to post a set of prerequisites before you start this course. You need to be able to do this and this and this.</p> <p>And when you can't, would they have supplied us with – Then they should give a bridging course for the people who can't do it.</p> <p>I just want to, you at the back, yes?</p> <p>You know, I think that certain things... what I wanted to do is...other things is out of your control, because if you were a student there at a specific time, if your telephone was not working, it was out of reach.</p> <p>Okay, what is the – that's, we discussed that during a focus group a few weeks ago. What does that say about Linda specifically?</p> <p>No, what I'm trying to say is she gave us the terms of communicating on whatever. We never received any form of it. We even asked her to give us that, because we were really interested in that online thing. And we missed it, and we're really, really –</p> <p>Because of the technical problems.</p> <p>Ja, because of the technical problems.</p> <p>I know Telkom presented some problems your PC was stolen. Some people didn't have PC's.</p>
<p>Motivator Supporter Researcher Strategist Facilitator Project manager SME Administrator Instructor Guide</p>	<p>What roles did Linda play?</p> <p>She definitely was a motivator – when she said things like jy moenie nou moed opgee nie and she always supported us. Yes, so there must be a role like a supporter of something like that. I do not have the exact title, but she looked after us. I often spoke to her on Yahoo Messenger and she was always supportive, not only in terms of the course work. She wanted to know how I was doing. She definitely played the role of a researcher. This survivor thing was a Linda thing. I also told her at a stage to put this information into your thesis. Students get lost in space and also document it in your research that you get stupid students. She was a type of a strategist to design a game like this – it was strategy that made you win. She was a facilitator – that is what she was named, because she did give guidance what to do and even provided us with screen prints when to ftp etc. She also played the role of an administrator where she told us to keep our diaries open for the Inter Wise session and to go and vote. Won't that be a project manager rather?</p>

	<p>We were flooded with those messages and all the assignments that we had to hand in and when she was looking for all the assignments. Can we say that she was also a SME – she knew a lot about eLearning and to make the face puzzle and all the games that we had to play – she knows the Internet. I don't know where she sometimes got all her ideas from. That Morse code exercise for example. Perhaps she could also be seen as an instructor/teacher. At a stage I was very confused with the mindmap and then she gave our group ideas what to look for. Remember she also said that we were doing things wrong – on the mindmap. Then I spoke to her on Yahoo Messenger and she gave us examples of what to do. Perhaps that could also be seen as a guide – she definitely did guide us on our way. Yes, this will be a guide function – if she was an instructor she will tell us exactly what to do. This might be the IP address story, for example. Linda told us exactly what we need to do on the PC to get to a IP address.</p>
--	---

5421 words

Annexure L: Transcribed and verified transcript of face-to-face interview with the online facilitator

Interviewer: 'Linda is very pleasant to speak to, often smiles and uses her hands to get the message across!'

<p>Positive experience – it can work</p> <p><i>Looks pleased</i></p> <p>Process of learning and change</p>	<p>Q Wat was jou belewenis van hierdie online fasilitering?</p> <p>A My hele werksopset is mos so dat ek moet die ander ouens heelyd oortuig daarvan dat dit die manier is om dit te doen. En ek kry die heelyd terugvoer van die ouens af wat sê: ja, dit sal werk, maar dit sal nie vir my werk nie. Ja, dit sal werk, maar dit sal verseker nie werk nie. En ek dink die grootste – as ek terug dink aan daai ervaring, is dit vir my die een bewys van: maar dit kan werk. Alles wat ek gedink het is moontlik, is moontlik online. Ek sal wel 'n hele – daar's 'n horde goed wat ek weer – as ek dit weer moet doen – wat ek anders sal doen. En 'n ou leer maar. Ek dink elke keer wat 'n ou so iets aanbied, gaan jy nog goed kry, en, verbeter half. Dis maar daai hele aksie –</p>
<p>Formal qualification / recognition leads to external motivation</p> <p>Look at theory</p> <p>Proper prior planning – feeling of accomplishment and satisfaction</p>	<p>Q Was dit ook vir jou 'n leerervaring?</p> <p>A Ook, ja. Kyk, ek het al van tevore kursusse aangebied, maar hierdie was nou half op 'n groot skaal, en dit was deurlopend. Ek het al baie keer informele dit gedoen vir opleidingskursusse wat die ouens nie eers 'n sertifikaat voor kry nie. So die deelname en die commitment was op 'n ander vlak. Dit was vir my nice dat hierdie 'n formele kursus is, met 'n formele kwalifikasie, en as hulle dit nie kry nie, gaan hulle nie kan aangaan met iets nie. So daar was daai half eksterne motivering wat hulle verplig het om deel te neem, al was hulle – dink ek – baie keer lus om uit te val as gevolg van werksdruk en kostes en – Sommer net alles. So ja, vir my was die lekkerste van die hele ding, die feit dat ek half aan myself bewys het dat die goed wat ek in teorie vir ander mense sê, is goed wat regtig kan werk. En al waarop dit neerkom, is net goeie bestuur. 'n Ou moet net weet wat jy gaan doen. Jy moet beplan, en jy moet op 'n ander manier dink as wat jy dink wanneer jy voor 'n klas staan. So jy kan nie met jou klasstyl in 'n online ongewing instap en dink jy gaan sukses hê nie, want jy gaan miserably vaal. Jy moet maar net sekere goed anders doen.</p>
<p>Excitement / motivation based on continuous feedback and communication curiosity</p>	<p>Q Wat was vir jou lekker? Of wat was vir jou lekker was, het jou online leerders ook van gehou?</p> <p>A Wat was vir hulle lekker? Ek dink daar was min goed wat vir hulle lekker was.</p> <p>Vir my. Die excitement was vir my daarin om elke keer as ek aan log, te sien: ah, hier's kommunikasie. Hier's nuwe ouens wat nou gereageer het. So ek het gebrand van nuuskierigheid om elke</p>

<p>Process of immediated feedback</p> <p>Motivation based on observed success and motion. Stumbling blocks more time needed for assignments</p> <p><i>Smiling</i></p>	<p>keer te kyk wat het nou gebeur in die tyd wat ek nie online was nie. Ek dink hulle sal ook vir jou gesê ek was so te sê feitlik heelyd online. Wel ek was bedags by die werk anyway. Ons het 'n permanente lyn. So as daar iets nuuts was, kon ek onmiddellik sien, en ek my GroupWise was op notify, so as daar e-pos aankom, het ek dadelik daarvan geweet en het ek onmiddellik gesprong en dit gelees. En dit was vir my nogals lekker om daar onmiddellike kommunikasie te hê. En in die aande het ek 'n R7 deal by die huis. So as ek by die huis kom, klaar die kinders gebad het en in die bed gesit het, dan sit ek aan, en dan's 'k aan vir die aand, dan doen ek ander werk, en ek doen my goed, en as daar 'n ander iets kom, sien 'n ou dit ook maar. Vir my was die lekkerte daarin dat, ek dink dit gaan maar saam met die vorige punt van dat ek ervaar het dat sekere goed werk wat mense nog nie in glo nie, wat nog nie die goed probeer het nie, my besweer het sal nie werk nie. So dit was vir my lekker, die feit dat daar suksesse was in daardie opsig. Ek dink daar's baie goed wat ek op 'n ander manier sou struktureer sodat 'n ou meer in diepte met van die goed kon gaan. Daar was leemtes wat ek gedink het 'n ou graag sou wou aanspreek. Goed soos, om byvoorbeeld meer tyd te spandeer aan byvoorbeeld 'n spesifieke week se assignment, sodat die ouens bietjie meer diepte kon kry in die onderwerp, eerder as net 'n breë oppervlakkige 'vat nou, en hier's die volgende ingedatum'.</p>
<p>Stumbling block – game and gebrek aan insig and betekenis in the game</p> <p><i>Hands do a lot of talking</i></p>	<p>Q Sê vir my, as jy moet dink aan wat jy gedoen het, wat jy kon agterkom, wat die studente van gehou het. Wat was 'n moment of truth?</p> <p>A Ja, 'hou' is ook baie selektief, want wat party ouens baie van gehou het, het ander ouens pertinent gehaat. Die speletjie idee was presies dit. Een van die genuine totaal onbelangrike assignments in een week – ek dink dit was die eerste week, was waar hulle 'n game moet gaan speel op die Internet, waar hulle diere moet afneem/fotografeer, elke keer as die diere oor die skerm hardloop. As jy klaar afgeneem het, kry jy ekstra film, of jy kry langer tyd of wat ook al. Die idee was nie om die speletjie te speel vir enige – wel, my idee was meerledig. Ons praat nou – dis nou sommer detail wat ek nou praat, wat dalk nou regtig nie die punt is nie, maar die idee met die speletjie was byvoorbeeld, met daar spesifieke een, was om vir hulle te wys daar's goed op die web wat baie oulik is en baie cute is, en as jy nie gaan soek daarvoor nie, gaan jy dit nie kry nie. In die tweede plek, om vir hulle ervaring te gee van 'n online speletjie, dat hulle kan weet dat dit deel is van hulle e-learning. Dat hulle kan weet dat daar gaan elektroniese speletjies wees, of simulaties of goed wat hulle moet gaan gebruik, en hierdie gee net vir hulle ervaring van wat die</p>

<p><i>Big smile</i></p>	<p>effek is – beide in terme van die koste en die tyd wat ‘n ou daaraan spandeer – en ek wou ook vir hulle die gevoel gee van ge’hook’ raak, want party mense en kinders raak eenvoudig ge’hook’ daaraan en kan nie ophou nie, en ek het dit ook so ervaar.</p> <p>Q Was dit vir hulle goed? Het party van hulle dit geniet? A Party van hulle het dit verskriklik geniet, soveel so dat party van hulle vreeslike massiewe scores opgemaak het, wat ek nie in my lewe gedink het moontlik is nie. Ek bedoel, ek het self die game al ‘n paar keer gespeel. So ek kon sien dat hulle moes gehook geraak het, maar hulle het heeltemal buite proporsie tyd daaraan spandeer, want dit was – in die groter game – net iets om vir hulle immunity te gee. So die ou wat die eerste, wat die beste en die hoogste gescore het, sou vir daai week immuniteit gehad het, so hy sou nie afgevote kon word nie. So dis eintlik irrelevant. Jy moes eintlik maar tyd en jou aandag aan die amptelik opdragte spandeer het wat, waarvoor jy gaan punte kry. Hierdie was maar net immunity geleentheid as jy bang was die ouens skop jou uit en dan moes jy nou maar moeite doen met speletjie. En die ouens het heeltemal buite verhouding tyd en aandag daaraan gaan spandeer.</p>
<p>Yahoo = continuous contact and communication</p> <p>“Medium” sharing of personal experiences and joining outside “study” context</p>	<p>Q So jy het die idee gekry dat hulle baie daarvan gehou het? A Wel, van hulle het.</p> <p>Q Waarvan het hulle nog baie gehou as jy nou dink aan oomblikke? A Wel, toe ons die Yahoo Messenger gelaai het en daai kommunikasie oopgemaak het, het hulle nogals regtig baie positief beleef, want voor dit het hulle net die e-pos kommunikasie gehad, wat asynchronies was, maar toe Yahoo kom, en hulle sit in die aande laataand, elfuur of twaalfuur, en hulle kan as hulle onlog, sien hulle hier’s drie ander van hulle palls wat ook op is, en ek is op, dan het hulle baie keer sommer het gesê ‘hi’ en dan het ons sommer net baie keer oor ditjies en datjies gepraat – ek onthou ek en een vrou, het een keer lank gesels oor die kibbutz-ervaring en waar ek in Israel was want sy kom van Israel af. Sy’t ‘n Labrador gehad wat baie vet was in daai tyd, en ek het ‘n Labrador wat oud en siek was - ‘n mens het sommer net so oor en weer gepraat, nie eers oor werkgoed nie, en dit was, dink ek, vir hulle lekker om so te kuier. Lekker om bietjie oor iets anders te praat.</p>

<p>Availability of facilitator motivates the process</p>	<p>Ja, maar nie net met my nie, maar met mekaar ook. Om net te kan sien maar daar is ander mense ook wat hierdie tyd van die nag sit en werk, en so dit was vir hulle dalk 'n aangename ervaring. Baie van hulle het die kompetisiefaktor baie geniet, party het dit gehaat. Party het baie gehou van die feit dat hulle in groepe kon saamwerk en dat hulle baie geleer het by die ander mense. Party groepe was weer onfunksioneel, of disfunksioneel, en dan het hulle dit weer gehaat en dit het gelei tot groot frustrasie. So ek dink dis moeilik vir my om te sê of daar een spesifieke ding is wat almal van gehou het. In meeste van hierdie goed was die mense of baie positief of baie sterk daarteen - min het nie 'n opinie gehad nie.</p>
<p>Onsekerheid oor die feit dat fasiliteerder onbekend is</p>	<p>(Dit is die goed wat in die leerprogram ingebou was, maar spesifiek)</p> <p>Q Wat jy gedoen het wat hulle van gehou het?</p> <p>A O, as 'n fasiliteerder? Ek dink die feit dat ek daar was. Die feit dat ek beskikbaar was as hulle my nodig gehad het. Alhowel, ek dink daar's miskien van die studente wat gaan sê hulle het nie genoeg hulp gekry nie, en dit was ook met 'n rede. Die ouens wat van die begin af aktief was, het ek onmiddellik op gerespond. Die ouens wat vir my 4 weke na die deadline van die eerste assignments vrae gevra het oor die eerste assignment en sê hulle is ook nou by, hulle doen nou die tribal assignment vir assignment one, en dan't ek vir hulle kortaf geantwoord en gesê maar ons is nou by tribal assignment 4, en jy kan nie 'n tribal assignment as 'n individu doen nie, so jy weet, vergeet daarvan en gaan aan met hierdie goed, sou hulle miskien weer 'n negatiewe ervaring daarvan gehad het. Ek weet nie. Ek dink ek was approachable. Hulle kon my vra as daar iets was wat hulle onseker oor was. Ek is onseker oor die waarde daarvan dat ek half agter die skerm was, want hulle het my nie persoonlik geken toe ons die kursus begin het nie. Hulle het my net die eerste keer gesien, toe nooit weer nie! Hulle kon nie op my persoonlikheid aanklank vind nie. Hulle moes bloot gaan wat hulle op skrif gesien het. Ek het die gevoel gekry dat die ouens met gemak vir my vrae gevra het, en ek het baie moeite gedoen om die ouens onmiddellik te antwoord, en so deeglik as moontlik, maar ek wou ook nie alles met spoon feeding vir hulle gee nie. So ek sou vir hulle baie duidelike riglyne gegee het, maar ek het nie vir hulle 'stap 1 doen dit; stap 2 doen dit' gegee nie. Dit was ook vir my belangrik.</p>

<p><i>Frowning</i></p> <p>Pressure as way of motivation to perform</p> <p><i>Agitated – money issues</i></p> <p>Process of continuous internal reflection for facilitator</p> <p><i>Upset about learner's response</i></p> <p>Clear guidelines and expectationis regarding marks and assignments</p>	<p>Q Wat het jy gedoen wat hulle kwaad gemaak of ge-irriteer het?</p> <p>A Ek het hulle hard laat werk. Ek het hulle genuine gedruk. Ek gee dit absoluut toe! My uitgangspunt was nog altyd – en dis 'n vreeslike verkeerde uitgangspunt om te hê, maar ek, dis 'n persoonlike benadering, en ek voel dat hoe meer jy het om te doen, hoe meer kry jy gedoen. En ek voel dat as jy vir ouens te veel tyd gee, dan dra dit nie by tot die kwaliteit nie. Dis nie asof hulle dieper in goed grou omdat hulle meer tyd het nie. Hulle doen nogsteeds die oppervlakkige goed, maar hulle het net meer tyd om dit oppervlakkig te doen. Terwyl, as jy vir hulle baie stres gee, en die lading swaar maak, dan oorpresteer party ouens party keer, en dis fenomenaar wat daar uitkom. So ja, ek dink hulle was baie dikwels ontsteld oor die feit dat wat ek van hulle gevra het, het hulle online tyd gekos, wat tyd is, maar ook kostes. Die feit dat hulle weg van hulle families was, en hulle het net 'n week tyd gehad om sekere goed in te doen. As die week verby is, dan is dit verby. Ek het die druk op hulle gehou – daar was nie so 'n ding soos ek het hierdie naweek 'n ding met my kind aan, maar ek sal volgende naweek inhaal, nie. Daar was nie 'n volgende naweek nie. Ek dink baie van hulle het geaffronteerd gevoel daarvoor. Ek weet Bartho het op en af gespring en gedink als wat ek doen, doen ek vir my swottings. En dit het my vreeslik geaffronteer, want ek het nie vir een oomblik – wel, ek sal nie sê vir een oomblik nie, maar ek het regtig – my uitgangspunt was hoegenaamd nie om data te kry vir 'n studie nie. As ek nou teruggedink daaraan, dink ek: shucks, ek moes dit gedoen het, of ek moes dalk daai gevra het, of as ek dit nie op hierdie manier gedoen het, kon ek nou dit gesê het, of wat ookal. So ek voel half dit was klein bietjie onregverdig, maar hy was definitief kwaad daarvoor. Hy, en ander, was kwaad oor, toe hulle hulle punte kry, die eerste rondte, om te sien maar daar's sekere assignments wat hulle glo hull't gepos op die regte plekke, en op die regte plekke gesit het, wat dan nie 'n punt voor was nie. Nou ek het baie eksplesiet vir hulle gesê dat ek is lenient en gaaf en 'kind', so dat as daar iets is wat ek nie kon kry nie, die punt is nie nul nie, die punt is nul tot tyd-en-wyl ek dit sien, en as ek dit sien voor die einde van die kursus, gee ek vir hulle hulle regmatige punt daarvoor. So, in die eerste plek was ek upset dat hulle nou so 'n bohaai maak as hulle weet hulle gaan anyway hulle punte kry. In die tweede plek het ek met elkeen van die assignments, het ek regtigwaar baie pertinent gesê presies wat dit is wat hulle moet doen, presies hoe dit opgeskryf moet word, en presies waar dit gepost moet word.</p>
--	---

<p>Inisieel onmiddellike kontak en terugvoer as wyse om kontak en belangstelling te behou</p>	<p>So ek het byvoorbeeld gesê: gaan skryf 'n verslaggie oor hierdie freebie wat jy nou ondersoek het, en sê wat is die moontlikhede daarvan in die onderwys, van plus-minus soveel woorde. Save dit as 'n HTML-dokument, en laai dit op na 1: jou shelter toe, en 2: na die collaborative site toe. So het het dit baie eksplisiet so uitgespel.</p> <p>Q So het jy die goed opgetel? Jy't opgetel wanneer hulle ge-irriteerd en kwaad was oor goed, en dan het jy dit aangespreek. Ja, jy weet, hulle het byvoorbeeld gemoan daarvoor as daar nie punte is vir die goed nie, want hulle het dit dan gedoen. Maar ek het spesifiek gaan kyk. Daar, het ek gesê moet hulle dit pos, dat ek daar gaan kyk, en as dit nie daar is nie, dan is dit mos nou nie daar nie. Dan kan ek mos nou nie 'n punt daarvoor gee nie. So ek weet baie keer was die ouens, wel, nie baie keer nie, daar was 'n keer of twee wat die ouens gesê het: maar ek het dit gedoen! Maar ek het! En dan, as hulle na die tyd gaan kyk, dan sien hulle maar hulle het nie. Of hulle het dit op die verkeerde plek gesit, of wat ookal. So daar was, 'n paar keer was ouens bietjie upset oor sulke goed.</p> <p>Q Wat was daar nog wat hulle kwaad gemaak het wat jy gedoen het? Kwaad of ge-irriteerd of omgekrap?</p> <p>A Buiten die kostes, buiten die tyd, miskien was hulle kwaad oor ek nie vir hulle meer duidelike riglyne gegee het nie. Meer handjie-vat riglyne. Jy weet, stap-vir-stap-tipe goed gegee het nie.</p> <p>Q Hoe het jy aanvanklik rapport met hulle bewerkstellig as 'n online fasiliteerder?</p> <p>A Die heel eerste naweek het ek so half – ek was die heelyd online, en ek het gewag vir daai response wat moet kom, ek ek was geweldig bekommerd toe ek sien niks gebeur nie, want ek weet mos nou hulle het net die week, so as hulle 'n naweek laat verbygaan is daar net drie dae, en dan is die week klaar. Jy weet, want dis van 'n Donderdag tot 'n Donderdag gewees. En dit het my groot laat skrik. En die Maandag toe die ouens so begin praat, het ek onmiddellik gereageer, en onmiddellik probeer terugvoer gee, en onmiddellik, jy weet, as ek agterkom 'n ou is nie lekker op spoor nie – die ou vra byvoorbeeld: wat is hierdie chat room assignment wat ons het? Dan het ek dadelik gewonder maar wat is dit wat hy nie verstaan nie? Dit was byvoorbeeld vir my 'n ding? Dan het ek onmiddellik ge-e-mail en gesê: Wat is dit! As jy nie die opdrag het, hier moet jy dit kry. As jy dit nie verstaan nie, dit is wat jy moet doen.</p>
---	---

<p>Initial confusion during induction <i>Smiling</i></p>	<p>So, jy't baie uitgeklaar met hulle? Ek het nogals probeer. So jy kon deur jou onmiddellike optrede en uitklaring wanneer jy nie verstaan wat hulle nie verstaan nie, het jy rapport bewerkstellig? Ja. Aanvanklik? Dit klink of jy vir hulle 'n opdrag gegee het, of -? Ja, op die heel eerste aand het ons mos die kontakssessie gehad wat Johannes so half vir my die geleentheid gegee het om net vinnig te sê waaroor dit gaan, en om hulle in groepe in te deel, en om die bal net aan die rol te sit. En op daai eerste aand toe hulle nou in hulle groepe ingedeel is, toe sê ek vir hulle: OK, as groep moet julle nou na die web toe gaan. Onder daai hofie lê nou julle eerste week se assignment. En dit het die ouens nie gehoor nie. So daai hele eerste naweek se stilte en stilswye en histerie toe hulle nou actually agterkom wat hulle alles moet doen, was onnodig gewees. So ek sal dit byvoorbeeld –</p>
<p>Initial confusion during induction My mistake! <i>Pointing to herself</i></p>	<p>Q Wat het gemaak dat hulle nie daai boodskap gekry het nie? A Weet jy, ons het 'n fisiese oefening gedoen om hulle in die groepe in te deel. Ek het hulle in 'n lang ry laat staan, van heel Internetvaardig en capable, tot totaal-en-al 'n leek wat die Internet aanbetref het. En daar was soos 'n skuiflyn. Jy moes jouself maar so posisioneer het min of meer waar jy was. En dan't ek hulle getel: een, twee, drie, vier, so af, een, twee, drie, vier, jy weet, en dan het ons die ses groepe so, jy weet al die een's bymekaar, en al die twee's bymekaar. Sodat elke groep iemand het wat 'n totale leek is, en iemand wat 'n totale – jy weet, dat daar 'n goeie balans was. En dan moes julle bymekaar gaan staan. So ek dink dit was 'n kinetiese oefening want hulle het rondbeweeg en in groepies gestaan, en ek dink die excitement van . oe!, ons moet nou 'n naam uitdink, en 'n motto, en al daai goed, en ouens was in 'n motto van eerder uitsorteer, eerder as om ontvanklik te gewees het. So my fout was twee-erlei: ek kon of een, vir hulle al die opdragte gegee het voordat ons die oefeninge gedoen het, sodat ek nog hulle onverdeelde aandag gehad het, of alternatiewelik, moes ek vir hulle weer 'n e-mail onmiddellik daai aand uitgestuur het. 'n E-mail. Maar die groot verwarring by my het ingekom. Yahoo groups het 'n web presence, maar hy't ook 'n opsie wat jy as individu kan dies om te sê dat as ouens met mekaar kommunikeer in Yahoo se web presence, dat dit as 'n e-mail na jou toe gestuur word. So dis eintlik 'n bulletin board wat hier op die web aangaan, maar jy kon vra dat dit as 'n email na jou toe kom. En die ouens wat die email gekry het, het nooit na die website gaan kyk nie.</p>

<p>Proses van kontak – initial contact – later on continuous feedback provided support</p>	<p>En ek, dom wat ek is, wat van die kant af inkom, ek gebruik nie Yahoo – ek gebruik WebCT as ‘n reël met my goed. Dis Johannes se kursusspasie. So ek verstaan nie. Ek kom as ‘n guest lecturer in en gebruik nou maar sy tools. Ek gaan in, sien hier’s ‘n bulletin board, skryf my boodskappe daar, post my goed onder file, so ek neem aan almal is in daai omgewing. En dit was eers later, hier by die tweede helfte, jy weet, hier by die Maandag of die Dinsdag rond, wat ek toe agterkom, maar die ouens is nie op die web nie. Die ouens kry hulle boodskappe per e-pos, en dit was ‘n groot probleem, want ek het ge-antisipeer dat as ek sê dit is in jou website, gaan hulle presies weet waar. Maar hulle weet nie, want hulle kry ‘n email wat sê watse website. Want hulle het nie eers, baie van hulle het nie eers geweet dat daar ‘n web site is wat aan daai email gekoppel is nie.</p> <p>So jy het hulle aanvanklik gesien – as ek nou terugkom na die vraag toe – dat jy establish rapport. En hoe’t jy dit gedoen? Jy’t hulle gesien, fisies –</p> <p>Ja.</p> <p>Tydens die sessie, en dan het jy wanneer hulle met jou gekommunikeer het, het jy onmiddellik terug gekommunikeer en goed uitgeklaar wanneer hulle dan agterkom die ou is nie op die regte spoor nie.</p> <p>Ja, ek het probeer om ondersteunend te wees en vir hulle te wys dis nie ‘n moeilike omgewing nie, dis net ‘n kwessie van ‘n ou moet mekaar verstaan en uitsorteer. So ek het probeer veral in die begin om nie kwaai te wees of streng te wees nie, maar om maarhalf ‘n gemoedelikheid daar te stel laat hulle – ek weet nie, dis vir my nogals belangrik om aan die begin die klimaat reg te kry ek ook vir hulle aan te moedig om vrae te vra.</p> <p>Q So, hoe het jy hierdie klimaat gelyk gehou? Ons het nou gepraat oor hoe jy dit bewerkstellig het. Hoe het jy dit gehou dat dit aaneenlopend is? Dat jy die rapport aaneenlopend hou?</p> <p>A Ja, ek dink dit gaan maar oor kommunikasie en die verskillende aspekte daar rondom. Op ‘n stadium was daar byvoorbeeld een van die studente wat ‘n baie negatiewe briefie gestuur het oor hierdie games ding wat sy moet speel, en online tyd, en dan verdwyn die skerm, en watse sotlikheid is hierdie? En my eerste reaksie was om onmiddellik in te klim en vir haar ‘n verduideliking te gee van hoekom is dit belangrik, en wat is die waarde daaruit in ‘n e-learning omgewing wat gaan oor e-learning, en wat is dit wat sy daaruit kan dra. En toe’t ek gedink hou terug, hou terug, en kyk of hulle nie mekaar uitsorteer nie, en dit het wel so gebeur.</p>
--	--

Facilitate group dynamics by keeping back	<p>Ek meen die een na die ander e-mail het ingekom waar die ouens hetsy of saam met haar gestem het, of vir haar ge-reprimand het, en hulle het mekaar half uitgesorteer.</p>
Group dynamics and pressure	<p>Q Soos wat het jy gedoen? A Op sekere tye het ek onttrek. Met sekere doelbewuste voorbedagte rade nie gereageer het nie, om te kyk of kan hulle onder mekaar met half 'n peer support of 'n peer dissiplinerende mekaar uitsorteer eerder as wat dit noodwendig my rol was. So ook, as die ouens nie gereageer het nie, en nie in die tribes aktief was nie, dis nie my tribe nie, dis hulle tribe. Hulle moet hulle tribe funksioneel hou. So ek het nie vir – as daar 6 ouens op 'n tribe was en 4 was nie aktief – het ek hulle nie gekontak nie. Ek het die wat wel gekla het daarvoor, het ek moreel ondersteun. Ek sou byvoorbeeld vir hulle gesê het ja, ek verstaan dis moeilik as jy 'n werksopdrag het wat 6 mense eintlik aan moet werk en jy doen dit nou op jou eie, want die ander is nie aktief nie. Maar doen maar jou gedeelte, en stuur ten minste vir my jou gedeelte, en doen dit na die beste van jou vermoë, en hier kan jy hulle adresse kry. So ek het met praktiese raad probeer help, maar ook met ondersteuning van half 'n begrip, of net van ek verstaan, moenie stres daarvoor nie, ek sien dit raak, en ek sal dit akkommideer dat dit jy alleen was in plaas van die hele tribe.</p>
<i>Speaking with a slight grin</i>	<p>So jy't 'n ondersteunende rol gehad, maar jy't nie vir hulle goed geoden nie.</p>
Facilitate a process of adult learning – reflective thinking and exploration questioning	<p>Ek het niks vir hulle gedoen nie. Niks namens hulle gedoen nie. Ek het, op die beste het ek vir hulle, as hulle regtig nog nie teen die derde of die vierde keer reggekome het met iets soos ftp of so nie, sou ek dalk vir hulle – ek het ook – screen dumps gemaak van hoe dit lyk, met 'n pyltjie van waar hulle moet klik en wat hulle moet doen en so. Jy weet, dan het ek meer intensiewe raad gegee as ek sien dit – die oppervlakkige goed – nie help nie. Maar ja, daar was definitief vir my 'n verskil tussen supportive en motiverend en begrip toon aan die een kant, en aan die ander kant tips gee vir hoe hulle die fisiese take moet doen en help. Ek wou gehad het hulle moet maar op 'n manier struggle ook, want dis hoe jy leer! As jy exploreer, gee iemand nie vir jou die padkaart en sê loop hierdie roete en dis klaar beplan nie. Jy leer nie daaruit nie. Jy leer dat hierdie tipe van sand is sand waarin jy wegsink as jy eers een keer daarin getrap het en jy't moeilikheid gehad en jy besef wat die redes is, dis dieselfde rede hoekom ek hulle daai online toets laat skryf het. Dit was hoegenaamd nie om punte te kry nie, ek bedoel ek toets nie op so 'n manier nie – nie op meestersvlak nie. Dit was meer om vir hulle die ervaring te gee van 'n online toets.</p>
<i>Smiling and using hands to explain the process</i>	

	<p>As 'n leerder, wat is die stres wat jy deurgaans, hierdie tydsbeperking, hierdie monkey puzzle vrae, hierdie invulvrae, my tikvermoë.</p> <p>So hoe jy rapport amper deurentyd ondersteun het, is deur vir hulle tipe van werkstukke te gee wat hulle half uitlok om sekere interaksies met jou aan die gang te sit.</p> <p>Ja, alhoewel, die interaksies moes nie regtig, was nie regtig gerig daarop dat hulle met my moes – die interaksie was dat hulle as 'n groep mekaar moes ondersteun en saam moes werk om iets daar te stel.</p>
Facilitate group dynamics on cohesion	<p>Q So wat het jy gedoen – jy't mou amper hierdie vraag klaar beantwoord – wat het jy gedoen om vir hulle guidance te gee, begeleiding te gee? Wat het jy gedoen om hulle te begelei?</p> <p>A Wel, ek het onmiddellik gereageer as daar vrae was. As daar 'n pertinente vraag was, het ek gewoonlik die pertinente vraag geantwoord. Baie keer het ek agtergekome daar's vrae, maar hulle het my nie pertinent gevra nie. Dan het ek hulle nie geantwoord nie. So ek het gewag tot hulle my baie eksplisiet vra vir my raad of hulp, of kom kla by my, en dan het ek vir hulle antwoorde gegee. En dit was met hoofrede so, want anders neem 'n mens die rol oor van, jy weet, hulle hoef nie met mekaar te praat nie, vra vir Linda en sy sal antwoord. En dis juis nie. 'n e-leer omgewing is 'n klimaat waar jy wil hê die groepe moet mekaar ondersteun en werk. Jy weet, jy moet maar net half die rigting gee in daai rigting, maar hulle moet daar kom. So ek het baie dikwels glad nie geantwoord as daar – ek kom agter daar's 'n probleem, maar dan wag ek, hou hom terug, en kyk of hulle dit onder mekaar uitsorteer, en as hulle my eksplisiet gevra het, het ek gereageer. Daar was kere toe ek gesê het, OK, maar die ouens is almal van die wa af. Op 'n stadium het ek die een of ander opdrag gegee waar hulle moes bladsye skep waarin die konsepte van e-leer alles in 'n – wat is tog nou die woord wat ons gebruik het? – maar amper soos 'n, jy weet, 'n blomdiagram, moes hulle al die goedjies neersit, en dan bietjie in diepte ingaan, en ek het agtergekome, almal van hulle in een groep het gedink dis bloot net konsepte wat hulle moet plot, eerder as om 'n beskrywing en 'n detailed, jy weet, substansie, te gee. So, in daardie geval, het ek gesien maar hulle gaan mekaar net van die wal in die sloot in help, so daar het ek byvoorbeeld onmiddellik ingespring en gesê maar: dit klink vir my of julle op hierdie spoor is. As dit so is, moet ek julle reghelp. Dis wat ons eintlik soek. As dit nie so is nie – gaan terug ...</p>
Provide guidance and framework	<p>So, jy't hulle deurgaans baie fyn dopgehou om te kyk wat regtig aangaan en waar moet jy help en waar moet jy los?</p>
Awareness of the 'untold story'	

<p>Expert Support Guidance Ability to deal with conflict Arbitrator Motivator</p>	<p>O ja, die ding is – dis die ding van online learning! Jy't niks anders as om te gaan op die clues wat jy kry nie. Dit is nie altyd net die woorde wat daar staan nie, maar dis die onderliggende gevoelens. So ek dink jy moet as 'n online fasiliteerder geweldig ingestel wees op, jy weet, die onderliggende goed, die sub text, jy weet, die boodskappe wat nie eksplisiet gestel word nie. Jy weet, 'n uitroepteken na 'n doodnormale sin, wat partykeer 'n bietjie frustrasie aantoon of 'n angsaanval aantoon, of 'n wat-ookal! Jy moet tussen die lyne leer lees - jy het nie liggaamstaal wat vir jou kan terugvoer gee, of 'n stemtoon wat vir jou 'n ding kan wys nie. Jy moet net gaan op dit wat daar staan. So, ja, dis hoekom jy die dinamika tussen mekaar ook moet dophou, want baie keer gaan ouens vir jou nie vir jou iets sê nie, maar hulle sal baie maklik vir mekaar iets sê. Ag en dis wat die medium so lekker maak. Dis omdat jy half agter 'n skerm sit, en jy voel so half anoniem, is jy baie – die ouens is – baie meer ekspressief as wat hulle in 'n klassituasie voor my ooit sou wees. So jy's in 'n bevoordeelde situasie as jy online fasiliteer, want jy kan hoor wat mense vir mekaar sê, terwyl as jy in 'n klaskamer is, sal hulle nooit daai openlike tipe gesprekke eers met mekaar gehad het nie.</p> <p>Q: So jy het deur onmiddellik te reageer, pertinente vrae te antwoord, ingestel te wees op die onderliggende boodskappe wat hulle stuur, en die dinamika tussen die groeplede, het jy nogal jou mense gelei en probeer begelei dwarsdeur die kursus.</p> <p>Q Watter rolle het jy gespeel? As jy moet dink aan 'n spesifieke rol wat jy gespeel het.</p> <p>A Daar was hordes van hulle. Ek sal nou maar net so vinnig dink. Ek gaan tien-teen-een 'n klompie uitlos, maar, wel, die rol as 'n ekspert, iemand met kennis wat hulle nie het nie en graag wil hê. Ja, miskien kan dit ook gesien word as 'n instructor – by tye het ek voorgestel wat om te doen, is dit 'n guide?</p> <p>Ekspert.</p> <p>'n Baie pertinente ondersteunende rol van ag, jy weet, ek verstaan. Moenie worry nie.</p> <p>So, ondersteuner.</p> <p>Ja, 'n baie sterk rigtinggewende rol van, jy weet, as ouens begin deurmekaar raak, of begin warra-warra, om te sê maar fokus hierop, dis belangriker. Ook om emosionale ondersteuning te gee. Ek het dikwels gesê die einde is amper daar of volgende week sal ligter wees.</p> <p>So, emosionele ondersteuner.</p> <p>Ek moes op 'n stadium konflik ook uitsorteer, so dit was miskien 'n</p> <p>–</p>
---	---

<p>Humor as a way to deal with stress and discomfort</p> <p>Process of reflectivity to maintain, build relationships with students</p> <p><i>Laughing</i></p>	<p>So, konflikhanteerder. Arbiter tipe rol. OK, arbiter. Motiveringsrol, van: moenie opgee nie, ek weet dis swaar. Kom weer. Ek weet nie of dit by ondersteuning inpas nie. Ek moes partykeer streng wees ook, so ek moes partykeer die rol van 'n disciplinarian – ek dink iemand wat so half, wat sê nee, maar stop hierdie nonsens. Kom, ruk jou reg. Ons gaan nie nou hieroor sit en sulk nie. Jy weet, fokus op hierdie en hierdie en hierdie. As ek nou bietjie gedink het, sal ek nou verder - Ons kan terug kom daarna. Ek gaan jou nou-nou weer vra. As ons tyd het, gaan ek alles weer vinnig deur run, as daar iets is waaraan jy kan dink. Daar was ook 'n sterk administratiewe komponent – deurgaans moes jy ouens herinner van goed wat gedoen moet word en dan kontroleer of hulle dit gedoen het. En ek het bekend gestaan as die kursus fasiliteerder.</p> <p>Q Wat dink jy, as 'n online fasiliteerder, is uniek van jou persoonlikheid, wat 'n rol gespeel het?</p> <p>A Ek dink miskien twee goed: die een is my sin vir humor, so ek het nogal probeer om partykeer 'n grappie of wat gemaak om dinge half te ontloot. Ouens is gestres en gespanne en as jy bietjie 'n smile kan bring, dan relax ouens weer en sien maar dis net werk. Dis nie die lewe en dood nie. Ons kan maar grapies maak ook. Dit, en die ander ding is: ek het probeer om gemaklik en relaxed te bly. Ek moet sê die online onderrigervaring is vir my baie beter as 'n face-to-face een, want in face-to-face, raak ek maklik hetig. As ouens my kwaad maak, sal ek dalk met 'n aggressie terug reageer, terwyl online, weet jy, jy skryf jou boodskap, en dan het ek baie dikwels in MSWord of in WordPerfect my antwoord in response, of as ek weet die ouens doen nou nie wat hulle moet doen nie, en ek moet hulle nou bietjie bymekaar kry, het ek dit eers in MS Word of in WordPerfect gaan – Jy weet, baie pertinent met die idee om te kan sê maar laat ek dit nou skryf soos ek nou voel, en dan kom lees ek dit nou-nou weer, en as ek nog so voel, stuur ek dit net so. As ek dan agterkom ek was dalk bietjie harsh of, jy weet, geneig tot sarkasme, of ek gaan ouens verloor deur hierdie of hierdie, dan kan 'n ou dit revisit en weer oor skryf en her-evalueer.</p>
---	---

<p>Create a climate conducive to eLearning</p> <p>Smiling</p> <p>Difficulty of dealing with students' external world and resistance</p>	<p>Q So jy was nogal selfkontrolerend gewees in jou interaksie met hulle?</p> <p>A Baie, baie ja. Daar was 'n keer of wat wat ek net gesê het: man, ek gaan nou dadelik respond, want dis nou hoe ek voel, en ek wil hê hulle moet weet hoe ek voel. Dit het ek ook gedoen. Maar daar was kere wat ek gedink het: OK, ek sien hierdie probleem kom, dit raak groter, ek moet dit aanspreek, maar ek moet dit op 'n manier doen wat – jy weet, so dit was vir my lekker: die feit dat 'n ou 'n kans gehad het om jou reaksie te kan check, voor jy spontaan dalk ingaan en ouens omkrap!</p> <p>So dit is uniek van wie jy is, dat jy nogal 'n sin vir humor het, dat jy dit gebruik het, en dat jy goed eers bietjie laat gaan voordat jy daarop sal reageer, en dat jy gemaklikheid tipe van oorgedra het. Ja, ja. Ek het gehoop dat hulle in 'n informele, gemaklike omgewing baie pertinente goed gaan kan formeel leer. Dit voel vir my dis maar met kontak ook so, jy weet, dat 'n ou 'n ontspanne atmosfeer moet skeep, en die kursus was nie ontspanne nie. Die kursus was geweldig, jy weet, al die game-elemente was stresvol. So ek moes baie hard daaraan werk. Ek dink dit was hoe ek dit reggekry het.</p>
<p>CONFLICT</p> <p>Learning contract</p>	<p>Q Watse tricky situasies was daar?</p> <p>A Ek dink die konflik was vir my nogal swaar. Wel, ek weet daar was konflik – ek weet nie of dit met my as persoon nie, maar met my benadering as fasiliteerder, of met die kursus gehad het – wat ek baie persoonlik ervaar het, omdat dit my kursus is, maar ook die konflik wat hulle tussen mekaar gehad het, was vir my moeilik, en dan ook die ouens wat 'n totaal ander benadering oor e-leer het as wat ek het. Dit was vir my moeilik om, of ek moes myself forseer om te verstaan van waar af hulle kom – jy weet, ouens wat die heelyd gemoan het oor geld. Ek het later, jy weet, ek wou deur die dak spring daaroor, want ek – jy weet, dis een module wat eksplisiet oor e-leer gaan – jy moet online wees om die ervaring te kan kry. En online beteken nou maar een maal geld, so, jy weet, as 'n ou nie kan nie, moet 'n ou maar ry universiteit toe, en daar gaan, gratis, maar die effort is op jou. Die onus rus op jou. As jy hierdie kursus doen, dan is dit waarin hierdie rigting is, dan moet jy dit maar doen. Dis ook een iets wat ek anders sal doen as ek 'n volgende keer doen. Ek sal baie eksplisiet 'n kontrak laat teken aan die begin van die kursus. Ek sal vir hulle sê daar is 3 goed wat jy onderneem, en as jy nie daai 3 goed onderneem nie, dan mag jy nie die kursus loop nie. En die eerste een is dat die ouens besef dat daar gaan tyd en effort, tyd, ingaan.</p>

<p>Inability to reach agreement / consensus</p> <p>Ability to change and adjust groups to facilitate the process</p> <p>Adult learners – make adjustments</p>	<p>Die tweede ding is dat dit nie gaan maklik kom nie. Dit gaan effort wees. Daar gaan goed wees wat gaan moeilik wees, en dis 'n stywe leerkurwe, en dis baie nuwe goed wat hulle gaan moet leer. En die derde is dat hulle baie pertinent bewus gemaak word van die kostes wat daaraan verbonde is. En as 'n ou daai 3 goed in plek het, dan sou die res van die kursus – jy weet, so dit het my nogal gefrustreer, maar wat is die vraag nou weer?</p> <p>Die vraag is tricky situasies?</p> <p>Ja, so dit het my –</p> <p>Jy't gesê dis konflik.</p> <p>Ja, so dit het my –</p> <p>Met jou benadering, konflik wat hulle tussen mekaar gehad het.</p> <p>Ja,</p> <p>En konflik met die tipe van e-learning, en dan die geld.</p> <p>Ja,</p> <p>Vertel vir my meer oor die konflik wat hulle tussen mekaar gehad het.</p> <p>Daar was in heelwat van die groepe was daar van die begin af ouens wat glad nie met mekaar kon saamwerk nie, en ouens wat weer glad nie wou saamwerk nie. So, daar's ouens wat wou werk, maar hulle bots, hulle werk so teen mekaar die heelyd. En dan is daar ander ouens wat weer net glad nie betrokke was nie, en wat geweldige frustrasie by die ouens was, want dan's daar byvoorbeeld 2 in een groep, waar die ander ouens 6 was wat almal saamwerk, en hulle is net 2, en hulle stamp koppe, so hulle is eintlik – ek het by daai een groep 2 tribal assignments gekry, wat een enkele persoon op sy eie aan gewerk het, bloot omdat hulle nie met mekaar kon saamstem nie. Daar was maar verskeie redes. Ek dink persoonlikhede was deel daarvan, maar ook maar een ou het net in die dag gewerk, en die ander ou het net in die aand gewerk, so hulle – en al kon hulle, voel ek, a-sinchronies ook maa rsaamgewerk het, was daar daai blok. So ek moes op 'n manier daai tipe van konflik hanteer, en ouens het baie keer agter die skerms by my kom moan en sê: maar hierdie een doen nie haar deel nie. Kan hulle nie asseblief in 'n ander groep wees nie, of hulle wil nou uitgevote wees.</p> <p>En hoe het jy dit dan hanteer?</p> <p>Ag, ek het ook gevoel ons werk met volwassenes, jy weet, dit help nie jy sê maar die reëls sê dit, en ons gaan nou by die reëls hou nie. So waar nodig, het ons aanpassings gemaak. Op 'n stadium, by die vierdie week, dink ek, het ons tribes ge-shuffle, ander ouens met ander ouens laat saamwerk. Dit het by party ouens histerie veroorsaak, want hulle het nou net lekker 'n comfort zone gehad, en hulle het nou lekker saamgewerk. Ander het weer gesê: maar uiteindelik werk en nou saam met iemand wat actually werk.</p>
---	---

<p>Initial anxiety and anticipation of week one</p>	<p>Ek kan nou ook iets leer en iets bydra, en dit word waardeer, en hierdie ouens doen ook, en ons gehalte van die goed is net soveel beter. So ja, dit was vir my, dis maar meer 'n ding van die benadering. Vir party ouens werk sekere goed, en vir ander ouens nie.</p> <p>En wat het jy gedoen wanneer jy die boodskap gekry het dat dit aanvaarbaar is vir party en nie vir ander nie?</p> <p>Ek het probeer om dit eksplisiet te stel wat my beweegredes vir goed is, so as ouens vrae gehad het oor die shuffling, het ek eksplisiet vir hulle gesê wat die redes daarvoor is. Ons moes reshuffle, want die ouens is uitgevote, uitgevote, uitgevote, Daar't te min oorgebly. Jy weet, nou moet tribal assignments moet 2 ouens dit doen, terwyl dit eintlik goed is wat 'n groep moet doen. So ek het maar vir hulle die rasionaal agter die goed probeer verduidelik. En meeste het dit dan nou maar so aanvaar, al het party dit dikmond aanvaar.</p>
<p><i>Frowning</i></p>	<p>Wat het jy nog gedoen met hierdie moeilike situasies, om dit te hanteer? Wat was nog wat jy –</p> <p>Nog 'n voorbeeld van so 'n moeilike situasie wat ek as stresvol ervaar het, is maar dieselfde as wat ek netnou gesê het: toe daai eerste week goed nie gebeur het nie, en ek kan nie verstaan hoekom gebeur goed nie, want ek het dan, jy weet, daar's so baie werk! Hulle moet met mekaar begin praat, en hulle praat nie. Sodat as ek dan agterkom wat die rede daarvoor is, het ek probeer om die rede te ondergang. Ek het partykeer agtergekom dat die kommunikasie tussen my en die studente nie altyd 'n lynregkommunikasie is nie, dat ouens, ek wil nou sê baie soos jy vandag, wat die e-mail, die eerste sin lees, en nie die res nie. Dan dink jy hierdie justice dit, en dan aangaan. Maar as hulle die hele e-mail gelees het, sou hulle die –</p> <p>So amper misverstand tipe ding?</p> <p>Misverstande wat kom oor mense nie gelees het nie. Want die goed was – ek het regtig moeite gedoen om die goed eksplisiet uit te spel omdat ek geweet het dis die enigste medium. En hoe't jy dit aangespreek?</p> <p>Wel, ek dink nie ek het dit noodwendig reggedoen in hierdie kursus nie. Ek sal dit met 'n volgende kursus regmaak. Hoe het jy dit hierdie keer gedoen?</p> <p>Byvoorbeeld om, ek het hierdie keer byvoorbeeld 'n lang e-mail geskryf, wat ek sê: die volgende goed moet ons aan aandag gee. En dan het ek nou gelys, hierdie ding van, jy weet, ons moet maar elke twee dae ten minste, aanlog. Jy moet maar commit om in jou groep met die ouens kontak te maak so gou as moontlik na die nuwe assignments gestel is, want, jy weet, die ouens moet saamwerk. Hierdie riglyn, daai riglyn. En dan het ek sê nou maar so 5 of 6 in die e-pos hanteer. En weet jy, dan't ek pertinent</p>

<p>Change – one e-mail at a time – read and concentrate on one thing/message</p> <p>Frustration and resistance</p>	<p>opgemerk dat die ouens miskien op die eerste 2 gerageer het, en nie op die res nie. It was just like that. So hulle lees nie. Daai hele ding van jy moenie meer as een onderwerp per e-pos hanteer nie. Jy moet eerder 3 e-posse hê, want dan moet ek hom kliek. Hy sien dis nog 'n nuwe email, hy lees en al lees hy net die eerste paragraaf, het hy die gist van dit. En dan moet die volgende mail die volgende belangrike punt vat. So dis een les wat ek definitief geleer het, ek sal my emails baie korter maak, en meer gekonsentreerd. Een onderwerp per e-pos. So ek gaan nie weer goed kombineer nie, want dan het ouens dit net eenvoudig nie gelees nie, en dan's ek gefrustreerd, want ek het dan gedink: maar ek het dit dan gekommunikeer. Wat's julle storie? En hulle dink weer: maar ons het haar gevra, nou maar hoekom reageer sy nie? Dis maar die medium. Dis die medium. Jy moet die medium verstaan as jy 'n online instructor is, en dit gaan nie – soos ek sê: dis nou 'n les wat ek geleer het, wat ek op 'n volgende keer hopelik sal fix.</p> <p>Q Het jy op 'n stadium iemand ingeroep om jou te help met hierdie tammeletjies? Om te praat oor hierdie –</p> <p>A Nee, ek het nie noodwendig uitgegaan nie, omdat daar min mense is wat ek ken wat dit op hierdie vlak doen. Johannes was die enigste ander persoon wat ervaring het hiervan, en ek dink hy het van sy kant af die kontak ge-inisieer. Toe hy op 'n stadium sien die ouens skryf vir my vreeslike lelike e-mails, het hy vir my baie nice supportive e-mails gestuur, wat sê: man, hulle leer alles wat hy wil hê hulle moet leer. Hy dink dis baie nice wat ons doen, en ek moet my nie steur aan kritiek nie, want dis alles data vir die 'D'. En so dit het vir my ongelooflik baie beteken. Ek het nie besef – So hy het van sy kant af eerste – want die volgende vraag is:</p> <p>Q How often did you consult with your mentor?</p> <p>Nee, ek het nie. Ek het nie met hom nie. Jy't nooit nie? Nee. Hy het jou gekontak? Ja. Ja, wel ek het een keer spesifiek 'n email na hom gestuur en gesê ek is bekommerd oor hierdie ouens wat hier in die 3de week en in die 4de week met assignment 1 se goed begin, en nou vreeslik in diepte raad soek. Ek vra vir hom: wat moet ek nou byvoorbeeld met hulle maak? Moet ek hulle support en probeer deurkry, of wat? Dis net vir my moeilik. Ek het my hande vol met die groep wat by is, en hulle vra oor daai onderwerp. Om nou</p>
--	---

